

#imagine

Droom - Glo - Doen

ALGEMENE VRAE:



Waar en Wanneer en Wat kos dit?

Dit word aangebied by **Megapark in Bredasdorp**. (die terein is geleë op die rand van die dorp, volg net al die bordjies wat in die dorp opgesit sal word soontoe.)

Dit is van **18 – 20 Maart 2017**, met 'n Jong Volwassene program **Day Zero** wat reeds **17 Maart** die aand begin. (Bespreek ook by itickets, R50 ekstra)

Dit kos **R 550-00** vir tieners en **R 570-00** vir vrywilliger en groepleiers (sluit etes in)

Daar is weer vanjaar gelyklopend 2 ander feeste in die Oos-Kaap (Jeffereysbaai) en Vrystaat (Bothaville).

Hoe laat begin en maak ons klaar?

Die registrasie begin **Saterdag vanaf 08:00**, en die formele program na aandete (**18:00**)

Die laaste aktiwiteit wat **Maandag** plaasvind eindig om **22:00**. Geen ontbyt word Dinsdagoggend 21 Maart aangebied nie, kospakkies vir busse kan vooraf bestel word teen 'n bedrag van **R35** per persoon.

Wie reël dit?

Die **#imagine brand** het ontstaan vanuit die NG Kerk Familie en die NG Kerk dra ook die risiko. Dit is egter nie uitsluitlik die een denominasie nie. Daar is van die begin af verskeie ander denominasies formeel geaffilieer aan die "brand" en is ook deel van die reëlings komitees van die feeste.

Hoe werk die verblyf en veiligheid?

Almal slaap in tente wat hulle self moet saambring. Probeer saam met jou gemeente of skool 'n plan maak om tente te organiseer. Jy kan van 'n 2 man tent tot 'n groot tent bring. L.W. Seuns en meisies slaap apart daarom kan 'n gemeente / skool nie net een groot tent bring nie.

Jy moet 'n groepleier hê vir elke tien kinders van elke geslag (of deel van tien). M.a.w. as jy 16 meisies inskryf en 8 ouens, moet jy twee vroue groepleiers hê en 1 man. Ter wille van die slaap-reëlings (ouens en meisies slaap in aparte tentdorpe) moet daar genoeg leiers van elke geslag wees. Die tieners en leiers moet hul eie tente bring en onder mekaar deel. Groepleiers slaap in die meisie en seuns tentdorpe.

LW boeties en sussies sal ongelukkig nie 'n tent kan deel - vriende van dieselfde geslag kan saam 'n tent deel.

Almal word ingedeel om in areas te slaap. Jy sal begelei word deur 'n span mense wat vir jou julle area sal uitwys en wat ook indien jou tent swaar is, dit op 'n voertuig sal vervoer. Daar sal ook vrywilligers wees wat vir jou 'n hand sal gee met die tentopslaan. Geen persoon wat nie geregistreer is nie, sal toegelaat word op die feesterrein nie. Niemand mag op die feesterrein ry om die tieners en leiers se tent te gaan aflaai nie- daar sal bakkies wees wat dit vir jou doen. Indien jy 'n karavaan of kamp-sleepwa het, sal jy toegelaat word om dit na binne te sleep en op te slaan maar jy mag gevra word daarom eers later die Saterdag te doen as die ergste druk van registrasie verby is.

Ouers mag ook nie ingaan om te help tent opslaan nie, daarvoor is daar 'n hulp-span. Almal wat die terrein betree moet deur sekuriteit gaan en hulle moet geregistreer wees met al hulle informasie en vrywarings vorms op die sisteem. Dit verseker die veiligheid van almal.

Indien jy nie 'n tent het nie moet jy asb. dit kommunikeer aan suide@imaginemovent.co.za Daar is 'n reuse stoor beskikbaar wat ons gaan inrig vir slaap kwartiere. Ons wil dit egter vir minderbevoorregte kinders en die wat regtig nie tente het nie, reserveer.

Is daar toegang tot elektrisiteit?

Ongelukkig agv veiligheidsmaatreëls waaraan ons moet voldoen kan ons nie verlengingskooorde of elektriese toebehore toelaat in die tente dorpe nie. Alle elektriese bokse sal gesluit wees en slegs stalletjies sal toegang hê tot elektrisiteit. Bring dus jou eie flits of lampie wat met batterye werk vir jou tent.

Hoe moet ek dan my telefoon herlaai?

Daar sal "charging" stasies wees waar jy teen 'n minimale koste jou foon kan herlaai.

Is daar helpers(groepleiers)?

Soos reeds gesê, werk ons op 'n **10:1 stelsel** m.a.w. vir elke 10 tieners wat inskryf moet daar 1 verantwoordelike groepleier ook ingeskryf wees. En as daardie 10 uit beide geslagte bestaan versoek ons 'n vroue en mans groepleier vir slaaptyd.

Tieners slaap in tente dorpe - daar sal 'n meisie dorpe wees en 'n seuns dorpe - geen seun sal toegelaat word in die meisies dorpe nie en andersom.

As julle nie groepleier het stel ons asb. net in kennis by suidehubs@imaginemovent.co.za en dan probeer ons om een te vind.

Ek wil nie 'n groepleier wees nie maar ek wil steeds kom kamp? (vrywilligers)

Ons het baie vrywilligers nodig! Ons het mense nodig wat kan help met kos uitdeel, sekuriteit, terrein netheid, dissipline van tieners, kinders help wat navrae het, stort tye koördineer, hulp verleen tydens fees, ens. Daar is vanjaar 'n spesiaal aangestelde vrywilliger koördineerder wat jou gaan inspan en seker maak dat jy weet wat om te doen. Jy moet ook jou eie tent bring. Stuur 'n epos na Dirmu Gouws, die koördineerder, by southimaginevolunteers@gmail.com as jy bereid is om te kom diens doen. Sy sal al die inligting vir jou hieroor deurgee.

By Itickets kan jy registreer as vrywilliger (volunteer) of as volwassene (attending adult). Eersgenoemde is vir persone wat graag wil help agter die skerms met kos in skep, registrasie, toesig en ander take. As vrywilliger sal jy in skofte werk en dus nie die hele tyd aan diens wees nie. Laasgenoemde "attending adult" is vir volwassenes wat nie

groepleiers is nie, maar die hele tyd in die saal is of ander vaste verantwoordelikhede het soos beraders, bidders, mentors, ensovoorts.

Hoekom is die kaartjie prys soveel meer as verlede jaar?

Ons is hierdie jaar 'n ekstra nag en vir 2 ekstra etes op die terein en dit beïnvloed ons ons koste vir etes, die huur van toerusting en sekuriteit. Ons kostes is meer as die inskrywingsfooie en ons is afhanklik van borge en donasies om die belewenis moontlik te maak. Indien daar tieners is wat finansiële hulp benodig, kan hulle jeug@sun.ac.za kontak.

Hoekom moet leiers die volle bedrag betaal?

Ongelukkig het ons nie onbeperkte fondse om #imagine aan te bied nie, en is ons afhanklik van die inskrywingsfooie. Ons is hierdie jaar 'n ekstra nag en vir 2 ekstra etes op die terein en dit beïnvloed ons ons kostes. Ons kostes is meer as die inskrywingsfooie en ons is afhanklik van borge en donasies om die belewenis moontlik te maak. Indien daar leiers is wat finansiële hulp benodig, kan hulle jeug@sun.ac.za kontak.

Het ons eetgerei nodig?

Nee, alle kos word so verpak dat dit met die hand geëet kan word of 'n vurk/ lepel sal voorsien word.

Wat is die ouderdom tieners wat kan gaan?

Die ouderdom van tieners wat kan gaan is van Gr7 tot Gr12. 'n Kind wat nog 12 jaar oud is maar reeds in Graad 7 is of reeds 19 jaar oud is maar nog in Graad 12 is, mag ook die fees bywoon (as tieners). **Indien 'n kind 12 jaar oud is, moet die ouer en of geestelike leier seker wees dat die kind wel emosioneel sterk genoeg is om tussen duisende hoërskool kinders haarself of homself te handhaaf.**

Is daar ablusieblokke?

Ja. Die toilette is die standaard "portable toilets" asook 'n paar geboude toilette. Storte word ingehuur en is soos die wat by die "Cape Epic" gebruik word. Water voorsiening bly 'n probleem en die verstopping van die pype is 'n realiteit aangesien tieners allerlei voorwerpe afspoel. Help ons van die begin af om die situasie te voorkom deur julle tieners attent te maak op 'n korter stort tyd en netheid in die geriewe.

Slaap leiers tussen die kinders?

Ja, die groepleiers slaap tussen die kinders om hul veiligheid te verseker (1 vroueleier vir elke 10 meisies, 1 mansleier vir elke 10 seuns). Dit is vir dissipline en hulp meer as indringers van buite (daarvoor het ons 24h sekuriteitswagte).

Hoe lyk die naweek program?

'n Gedetailleerde program word nie voorsien nie. Ons wil hê dat tieners die verloop van die program sal beleef, eerder as vooropgestelde idees het van wat hulle dink gaan gebeur. Maar hier is 'n raamwerk:

Saterdagavond: grootgroep byeenkoms wat "fun time", lof en aanbidding, sprekers, en kleingroepbespreking insluit.

Sondagoggend: Lof en aanbidding almal saam. Daarna twee gelyklopende sessies met sprekers en kleingroepbesprekings – een vir juniors (graad 7-9) en hul leiers en een vir seniors (Graad 11&12 en hul leiers) met hul leiers.

Sondag laatoggend en middag: keuse werksinkels en afdyd aktiwiteite

Sondagavond: grootgroep byeenkoms wat "fun time", lof en aanbidding, sprekers, en kleingroepbespreking insluit.

Maandagoggend: grootgroep byeenkoms wat "fun time", lof en aanbidding, sprekers, en kleingroepbespreking insluit.

Maandag laatoggend en middag: Praktiese werksinkels en aktiwiteite as toepassing van die tema volg vir die res van die dag, asook aftyd.

Maandagaand: afsluiting vieringe met sprekers, getuïenisse, en lof en aanbidding.

Wie is die sprekers of groepe wat optree?

Die sprekers en band is doelbewus nie bekende mense nie. Dit is hoofsaaklik jongmense (onder 30) wat die tieners mee kan identifiseer en self so gemotiveer word om iets te doen. Die sprekers is sover moontlik divers.

Hoe werk vervoer en vervoerkostes

Dit is die verantwoordelikheid van die groepleiers/gemeentes/hubs om vervoer te reël en die kostes te dek. Die R550 inskrywingsfooie vir die tieners en R570 inskrywingsfooie vir groepleiers en vrywilligers sluit alles in by die kamp (terrein, kos, sprekers, aktiwiteite, ens.) maar nie die vervoer daarheen nie. Ouers of groepleiers wat met eie vervoer kom, sal dit op 'n veilige plek binne die feesterrein kan parkeer vir die naweek. Dis egter 'n area spesifiek daarvoor uitgesit en is nie tussen die tente of uitstallers nie. Aangesien die strate elke dag gespuite word en die stalletjies hulle voorrade moet aanry gaan is daar streng toegang beheer.

Wat doen ek met my busbestuurder?

Alle busbestuurders moet by hul eie busse slaap. **Indien busbestuurders kos wil hê die naweek moet hy/sy daarvoor bespreek en R300 betaal. Alle besprekings moet by suide@imaginemovent.co.za gedoen word.** Daarna sal die busbestuurder 'n epos ontvang met die bankbesonderhede waarin die geld gedeponeer word met 'n verwysingsnommer. Eers daarna sal die bespreking bekragtig word. Alle kos sal ook deur vrywilligers aan die busbestuurders buitentoe geneem word. Busbestuurders sal baie spesifieke tye kry waarop hulle kan gaan stort. Dit sal tye wees wat die tieners besig is met sessies. Geen busbestuurder sal by sessie toegelaat word nie. Indien busbestuurders wel deel van die sessies wil wees moet hy/sy die normale itickets besprekings pad volg en R 570-00 betaal en registreer as 'n vrywilliger. Dit alles gaan oor die sekuriteit van die tieners wat in ons sorg toevertrou word.

Wat is die taalbeleid?

Die taalbeleid is om inklusief te wees. Van die sprekers word verwag om so veel as moontlik ook die tale van die mense teenwoordig te praat. Elke fees besluit self watter taalbeleid die mees inklusiefste sal wees volgens die inskrywings wat ontvang word. Niemand moet egter uitgesluit voel nie.

Kan ek iemand borg?

Ja, verseker! Jy kan dit doen deur aanlyn te gaan na www.itickets.co.za en die blokkie onder te kies "sponsor" – jy kan self hier 'n bedrag invul wat jy graag sal wil borg of 'n ander manier is **snapscan** – imagine het hulle eie QR kode wat jou dus toelaat om skenking te maak sonder dat jy enige bankfooie betaal – info@imaginemovement.co.za of suide@imaginemovement.co.za sal die QR kode kan verskaf.



Hoe kan ek inskryf?

Alle inskrywings moet aanlyn gedoen word by. www.itickets.co.za . Aangeheg is die papier inskryfvorm net sodat julle id e kan kry van die inligting - Let asb. op dat die kaartjie verkope deur itickets werk dus kan julle die vorms uitdeel vir julle tieners maar hulle moet elkeen 'n kaartjie op itickets koop. Daarna is daar 'n 24uur betaaltydperk waarin betaling kan geskied. Op itickets is daar 'n vrywaringsvorm wat afgelaai en uitgedruk moet word en SAAM met die iTicket kaartjie by die hek ingehandig moet word. **LW geen tiener mag op die feesterein toegelaat word sonder sy/haar vrywarringsvorm. Dis 'n voorwaarde van die munisipaliteit en ons lisensie vereistes.**

Hoe kan ek 'n groep inskryf?

Jy kan of individuele kaartjie vir jou groep koop op itickets (of elkeen in jou groep kan dit self doen) of jul kan as 'n groep by die feeskantoor bespreek. Geen groepbesprekings word meer deur itickets behartig nie. **Kontak southgroups@imaginemovement.co.za vir groepbesprekings. Die proses werk as volg:**

1. Jy deel die inskrywingsvorm uit aan al die tieners en leiers/vrywilligers.
2. Hul bring die voltooide vorms en gelde na die kerkkantoor of skool (soos jy met hulle gereel het).
3. Jy kontak southgroups@imaginemovement.co.za vir 'n excel spreadsheet waarop jy al die gegewens op een vorm voltooi. Jy stuur die voltooide vorm terug en maak 'n EFT na die volgende rekening:

Rekening naam: Jeug
Bank: ABSA
Rekening nr: 4078425995
Verwysing: groep naam

4. Stuur die bewys van betaling aan southgroups@imaginemovement.co.za
5. Elke kind en volwassene moet steeds 'n inskrywingsvorm (met vrywaring) saam bring hek toe. Onthou dus steeds die vorms! Elkeen sal daar 'n unieke kode ontvang.

LW geen tiener mag op die feesterein toegelaat word sonder sy/haar vrywarringsvorm. Dis 'n voorwaarde van die munisipaliteit en ons lisensie vereistes.

Is daar finansi le hulp?

Aansoek om finansi le hulp kan aan jeug@sun.ac.za gerig word.

Waarop sit ons voor die stage?

Die oppervlakte is grond wat met 'n sagte tipe bas bedek is. Dit is steeds stowwerig. Die area sal egter van tyd tot besprinkel word om stof te keer. As jy dus 'n kombes of iets wil bring om op te sit sal dit goed wees. L.W. geen stoele (ook nie kampstoele nie) kan in die area voor die verhoog toegelaat word nie. Dit belemmer die uitsig van die mense agter jou. As jy op 'n stoel wil sit, sit asseblief heel agter in die saal.

Mag ons kampstoele bring?

Ja, maar as jy daarmee na die verhoog area kom moet jy aan die kant of agter sit en seker maak niemand is agter jou nie. As jy dus 'n groepleier is wat by jou kinders gaan sit, gaan dit moeilik wees.

Wie is my hubleier?

Om uit te vind wie jou hubleier is stuur 'n e-pos aan Kotie Langenhoven suidehubs@imagine.co.za

Hoe word ek ingedeel in 'n kleingroepie?

Die veronderstelling is dat die meeste tieners reeds in groepe is omdat hulle met hul eie leiers gekom het. Sorg dat elkeen van jou gemeente of skool vooraf weet wie hul groepleier is en wie saam met hulle in die groep is. Diegene wat nie leiers het nie, sal Saterdagmiddag in groepe verdeel word en vrywillige leiers (wat sonder groepe gekom het) sal aan hulle toegedeel word. #Imagine kan nie die verantwoordelikheid neem vir groepleiers se teologie of vermoëns nie. Daarom sal dit eerste prys wees as elke gemeente / skool self hulle leiers werf en toerus vir die naweek.

Hoe vind ek my kleingroepie?

Spreek op 'n plek af waar julle as groep mekaar sal kry voor elke sessie en beweeg dan saam in. Doen dit sodra julle gearriveer het, sodat julle nie mekaar "verloor" tydens die eerste groot groep byeenkoms nie. Ons moedig ook groepleiers aan om te dink aan groep identifikasie net dat julle mekaar maklik kan kry tussen al die ander tieners – kan eenvoudig 'n kopband of lint van dieselfde kleur wees. Groepe wat eers Saterdagmiddag gevorm word sal ook dadelik aangemoedig word om 'n plek af te spreek om mekaar te vind vir kleingroepie tyd. Onthou dat elke groepleier ook verantwoordelik is om sy/haar groeplede se selfoon nommers te hê en te weet waar elkeen slaap.

Moet ek ekstra geld bring en hoeveel?

Daar sal verskeie items te koop wees. #imagine T-shirts en ander items met die #imagine handelsmerk op. Daar sal ook addisionele kos, koffie, snoepie items en boeke ens. te koop wees. Bring dus soveel saam as wat jy beplan om te spandeer. Maar hou dit asseblief veilig by jou of sluit jou tent en tas.

Wat maak ek as ek allergies/ intolerant is vir sekere kosse?

Aangesien dit so 'n groot aantal mense is, kan geen allergieë en intoleransie akkommodeer word ten opsigte van etes nie. Jy sal ongelukkig self voorsiening moet maak. Neem in gedagte dat daar wel kosstalletjies op die terrein sal wees.

Is daar nooddienste op die terrein?

Ja, daar is 'n ambulans en nooddienste teenwoordig op die terrein. 'n Dokter is op roep en die hospitaal en polisiedienste staan gereed indien daar enige noodsituasies opduik. Elke tiener en volwassene is egter verantwoordelik om sy/haar eie persoonlike medikasie saam te bring na die naweek.

Watter kleredrag moet ek dra?

Moenie jou heel beste klere bring nie. Ons kamp! Bring egter klere vir warm en koud. Enigiets is in Maart moontlik.

Waar kan ek meer info kry oor die beweging?

Gaan besoek gerus

Webwerf: www.imagemovement.co.za

Facebook: www.facebook.com/imagemove

Twitter: www.twitter.com/imagine_moveSA

Instagram: [imagine.movement](https://www.instagram.com/imagine.movement)

Email: info@imagemovement.co.za

Whatapp: +2779 991 7847 stuur 'n whatsapp boodskap na hierdie nommer om inligting te ontvang of vrae te vra. Onthou om die nommer in jou "contacts" te save anders gaan jy nie die broadcast boodskappe ontvang nie.

Hoe lyk die terrein?

Die terrein is enorm en word gewoonlik gebruik vir 'n landbouskou. Die area waarin die verhoog is en die sessie aangebied gaan word, is onderdak en ook omring met uitgange wat kan toemaak d.w.s. binnenshuis. Dit kan meer as 15 000 akkommodeer. Ons sal dus maklik inpas.

Die terrein buite is onder gras/veld (redelik droog die tyd van die jaar) en is te hard om sonder beskerming op te slaap.

Alles is omhein met veiligheid draad en daar is goeie beligting.

Hoe gaan die aankoms en registrasie werk?

Dieselfde area (gebou) as verlede jaar gaan gebruik word maar al die lesse geleer sal ons toepas. Ons is besig om verskillende elektroniese sisteme te ondersoek wat die proses vergemaklik. Maak asb seker dat jy opdaag met jou uitgedrukte kaartjie en getekende vrywarringsvorm. Registrasie open Saterdag 18 Maart om 08:00, en die program begin eers die aand na ete.

Wat gebeur as ek nie betyds kan kom nie of die Saterdag iets anders aan het?

Alle persone wat spesiale reëlins vir aankoms en vertrek moet tref moet dit asseblief kommunikeer met suide@imaginevoent.co.za

LW geen persoon sal sonder goeie rede die terrein mag verlaat sonder vooraf goedkeuring nie. Ons kamp baie naby aan 'n dorp en ons gaan streng maatreëls instel om kinders binne te hou. Ons het nie vrywaring vir hulle as hulle die naweek buite die terrein beweeg nie. Indien jou kind vir een of ander rede die terrein moet verlaat, tref asseblief vooraf reëlins daarvoor.

Dagbesoekers?

Ons verkies dat almal vir die hele tyd op die terein sal wees. Persone wat as dagbesoekers wil deurkom moet asb 'n versoek vooraf rig aan suide@imaginevoent.co.za. 'n Bedrag van R100/dag sal betaalbaar wees, en dagbesoekers is vir hul eie etes verantwoordelik. Hulle sal egter kos by die stalletjies kan koop.

Wat is die bankbesonderhede van #imagine Wes Kaap?

Rekening naam: Jeug
Bank: ABSA
Rekening nr: 4078425995
Verwysing: rede (bv. *borg 'n kind/ gemeente bydrae/ donasie*)

Stuur gerus enige ander vrae navrae suide@imagemovement.co.za of info@imagemovement.co.za



www.imagemovement.co.za / info@imagemovement.co.za

A branch of Bible-Media, an audited Level 3 BEE non-profit organisation